

# **DIE ROL VAN LANDBOU IN DIE EKONOMIE**

## **DEUR**

### **DR PHILIP THEUNISSEN COMPUTUS BESTUURSBURO**

---

'n Land se ekonomie bestaan uit drie vlakke. Die primêre sektor moet die natuurlike hulpbronne ontgin en die roumateriaal word aan die volgende vlak van besighede verkoop. Landbou, bosbou en mynbou vorm die grondslag van 'n land se primêre sektor. Dit verskaf die aanvanklike imputus wat die hele ekonomie aan die gang sit. Die primêre sektor van 'n land is dus die fondament van sy ekonomie.

In die sekondêre sektor word die roumateriaal geprosesseer en getransformeer na produkte wat deur die verbruikers benodig word. Groot fabriek en nywerhede vorm deel van die sekondêre sektor en hulle kan die produkte tot in die finale vorm vervaardig of hulle kan 'n intermediêre produk vervaardig wat weer deur 'n ander besigheid tot in sy finale vorm verwerk sal word.

Die tersiêre sektor is gewoonlik die laaste skakel wat die finale produkte na die eindverbruiker moet versprei. Hulle sal ook dienste (banke, rekenmeesters, markagente, mediese dokters) aan die eindverbruiker lewer.

Al die produkte wat deur al die besighede in die verskillende sektore geproduseer, vervaardig of verskaf word, vorm uiteindelik die Bruto Binnelandse Produk van 'n land (BBP). Die BBP en veral die toe- of afname daarvan, is 'n aanduiding van die ekonomiese groei van 'n land.

#### **Landbou as primêre sektor**

Landbou lewer 'n belangrike bydrae tot die BBP van die meeste lande. Dit is veral die geval in minder ontwikkelde lande waar daar eerstens voedsel vir die inwoners geproduseer moet word. Hoe meer 'n land ontwikkel is, hoe meer vervaardig hy self produkte uit die roumateriaal van sy primêre sektore en kan hy selfs roumateriaal van ander lande af invoer om produkte te vervaardig. Later sal die tersiêre sektor ook al sterker begin ontwikkel. Die teenoorgestelde kan natuurlik ook gebeur. Zimbabwe het sy landbousektor vernietig en omdat hy nie 'n sterk myn- of bosbousektor het nie, het die hele ekonomie ingeplof omdat die fondament verwyder is en die sekondêre en tersiêre besighede nie in die lug kon voortbestaan nie.

Suid-Afrika se landbousektor speel nie meer die invloedryke rol in die ekonomie wat dit 'n eeu gelede gespeel het nie. Tog toon Figuur 1 aan dat landbou oor die afgelope tien jaar steeds ongeveer 4% tot die totale BBP van Suid-Afrika bygedra het. In Randwaarde het die bydrae

R42007 miljoen in 2003 beloop. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hierdie bedrag deur slegs 44,000 boere gerealiseer word en dat 'n 4% bydrae tot die BBP deur so 'n klein getal private ondernemings dus redelik omvangryk is.

### **Arbeid**

Landbou se bydrae gaan verder as net die 4% tot die BBP. Dit het volgens 2001 se statistiek werk verskaf aan 940,000 arbeiders op plase. Hierdie getal werkers beloop 6% van die ekonomies werkbare bevolking van die land volgens Figuur 2. Dit sluit nie die getal werkers in wat in die sekondêre sektor werksaam is waar landbouprodukte ontvang of verder verwerk word nie.

Landbou is ook 'n goeie intreevlak vir ongeskoolde en onvaardige arbeiders. Die plaas bied vir hulle die geleentheid om mettertyd die nodige tegniese en kommunikasievaardighede aan te leer sodat hulle dan vanaf die landbousektor na die dorpe of stede trek waar hulle in die sekondêre sektor werk kry.

### **Interaksie met nywerhede**

Buiten die arbeid wat landbou aan fabriek en nywerhede in die sekondêre sektor afstaan, is daar ook formele transaksies tussen die drie onderskeie sektore. Eerstens verskaf landbou voedsel aan almal wat in hierdie sektore werksaam is. Tweedens is landbou 'n verskaffer van roumateriaal aan die sekondêre sektor.

Die landbousektor is ook 'n belangrike aankoper van goedere en dienste wat deur die ander twee sektore verskaf word. Boere het die afgelope tien jaar gemiddeld R1577.5 miljoen per jaar aan intermediêre goedere spandeer en die tendens daarvan word in Figuur 3 aangetoon. Hierdie goedere sluit pakmateriaal, brandstof, kunsmis, veevoer, veemedisyne, onkruid- en plaagmiddels in. Figuur 3 toon ook aan dat boere 'n steeds stygende bedrag aan kapitaalgoedere soos vaste verbeterings en masjinerie spandeer. In 2003 was hierdie bedrag R4391.2 miljoen gewees. Landbou skep dus 'n wesentlike mark vir die twee ander sektore van die ekonomie.

### **Buitelandse valuta**

Buiten die interaktiewe rol met binnelandse besighede is die landbousektor ook 'n verdieners van buitelandse valuta. Dit is onvermydelik dat sekere voedselsoorte ingevoer moet word omdat landbou nie aan al die binnelandse behoeftes kan voldoen nie. Volgens Figuur 4 is R4894.9 miljoen se landbouprodukte in 1994 ingevoer en het dit aangegroei tot 'n bedrag van R13841.7 miljoen in 2003.

Figuur 4 toon egter ook aan dat R8055.8 miljoen se produkte in 1994 uitgevoer is en dat hierdie bedrag R23000.8 miljoen in 2003 beloop het. Die Suid-Afrikaanse ekonomie is 'n netto uitvoerder van landbouprodukte en die landbousektor is dus 'n netto verdieners van

buitelandse valuta met landbou-uitvoere wat landbou-invoere gemiddeld met bykans 40% per jaar oorskry.

### **Onderhou platteland**

Geen ander sektor van 'n land se ekonomie kan die platteland so instand hou soos die landbousektor nie. Dit bevolk die platteland, skep werk vir ongeskoolde arbeiders en trek sekondêre en tersiêre besighede na afgeleë dorpe. Indien 'n land se sekondêre sektor ten koste van sy primêre sektore ontwikkel, vind verstedeliking plaas. Instandhouding van die platteland eerder as die boere se finansiële posisie is die vernaamste rede waarom ontwikkelde lande in Noord-Amerika en Europa hulle boere swaar subsidieer.

Suid-Afrika se arbeid is te duur en te onproduktief sodat ons eie ekonomie nie soos byvoorbeeld Japan sonder 'n sterk primêre sektor kan klaarkom nie. Japan kan roumateriale vir sy sekondêre nywerhede invoer, effektief waarde daartoe byvoeg en steeds 'n eindproduk (elektriese toebehore en motors) teen 'n kompeterende prys op die wêreldmark plaas. Suid-Afrika kan dit nie doen nie en daarom speel die landbou steeds 'n belangrike rol in ons ekonomie selfs al kan baie voedselsoorte tans goedkoop ingevoer word.

---

**Bethlehem**  
**Augustus 2005**



